Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA – UITDAGING WAT KONGO NA AFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE GEALLIEERDE MAGTE OP DIE SOWJET-BLOKKADE VAN BERLYN IN 1948 GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Haal enige VIER bewysstukke uit die bron aan wat daarop dui dat Berlyn enorme skade tydens die Tweede Wêreldoorlog gely het. (4 x 1) (4)

1.1.2 Wat, volgens die bron, het hongersnood in Berlyn verhoed? (1 x 1) (1)

1.1.3 Identifiseer die belangrikste detail uit die bron wat die Geallieerde Magte tydens die onderhandelinge oor die hoof gesien het. (1 x 1) (1)

1.1.4 Wat word geïmpliseer met die stelling: 'Die Geallieerdes was slegs in Berlyn met die spesiale toestemming van die Sowjetunie ... en dat hierdie spesiale toestemming teruggetrek kon word', in die konteks van die Berlynse Blokkade van 1948? (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem die TWEE lande uit die bron wat Bizonia gevorm het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Westerse Bondgenote en Rusland oor die ekonomiese herstel van Duitsland verskil het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Verskaf TWEE redes, uit die bron, waarom Rusland besluit het om Wes-Berlyn in 1948 te blokkeer. (2 x 1) (2)

1.2.4 Definieer die konsep *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.5 Wat dink jy het Stalin gehoop om met die blokkade van Berlyn te bereik? (2 x 2) (4)

1.2.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die oorsake van die Berlynse Blokkade van 1948 navors. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Noem die TWEE opsies uit die bron wat die Geallieerde Magte oor die Berlynse Blokkade moes konfronteer. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik die historiese term *blokkade* in die konteks van Koue Oorlogspanning. (1 x 2) (2)

1.3.3 Waarom dink jy het die Geallieerde Magte geweier om uit Wes-Berlyn te onttrek? (1 x 2) (2)

1.3.4 Lewer kommentaar op die redes waarom Stalin geweier het om die vliegtuie neer te skiet. (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Waarom dink jy, was hierdie foto geneem? (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik waarom hierdie foto tydens die Koue Oorlog-era as ikonies beskou is. (1 x 2) (2)

1.5 Verwys na Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1C rakende die Berlynse Lugbrug ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Geallieerde Magte op die Russiese blokkade van Berlyn in 1948 gereageer het. (8)

**[50]**

## VRAAG 2: WAAROM IS DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE AS ’N KEERPUNT IN DIE GESKIEDENIS VAN SUIDER-AFRIKA BESKOU?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Noem die TWEE lande uit die bron wat in 1987 ’n grootskaalse aanval op UNITA geloods het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verskaf VIER redes uit die bron waarom die SAW besluit het om Cuito Cuanavale in Angolese besit te laat. (4 x 1) (4)

2.1.3 Verduidelik die term *dooiepunt* in die konteks van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.1.4 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit die verklaring: ‘Angola wou vrede hê sodat haar oorlogbeskadigde ekonomie, infrastruktuur en menslike verhoudings herstel kan word’, in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale? (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Haal EEN bewys uit die bron aan wat daarop dui dat die Suid-Afrikaanse weermag tydens die Slag van Cuito Cuanavale verslaan was. (1 x 2) (2)

2.2.2 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom die VSA ’n vreedsame oplossing vir die Angolese Burgeroorlog wou hê. (2 x 2) (4)

2.2.3 Wat word geïmpliseer met Castro se woorde: ‘Ek glo dat ons optrede beslissend die vooruitsigte vir vrede wat nou in die streek teenwoordig is, ’n hupstoot gegee het’ in die konteks van Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale’? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale navors. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die VN-resolusie 435 van 1978? (1 x 2) (2)

2.3.2 Verduidelik hoe Pik Botha se interpretasie van Resolusie 435 van 1978 van Ronnie Kasrils se siening/interpretasie verskil het. (1 x 2) (2)

2.3.3 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die nederlaag van die SAW tydens Cuito Cuanavale ’n groot impak op Suid-Afrika gehad het? (2 x 1) (2)

2.3.4 Definieer die konsep *demokrasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskappe dra die foto oor met betrekking tot die impak van die Slag van Cuito Cuanavale op SA en SWA? (2 x 2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar op hoe die onafhanklikheid van Namibië tot vrede in Suider-Afrika bygedra het. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2D die inligting in Bron 2C ondersteun rakende die impak van die Slag van Cuito Cuanavale op die politieke geskiedenis van Suider-Afrika na 1988. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ʼn paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die Slag van Cuito Cuanavale as ʼn keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika beskou is. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER ROL HET MARTIN LUTHER KING JNR. GESPEEL IN DIE BEËINDIGING VAN RASSESEGREGASIE EN DISKRIMINASIE IN DIE VSA GEDURENDE DIE 1960's?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *burgerregte* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, was Rosa Parks beveel om te beweeg? (1 x 2) (2)

3.1.3 Haal EEN bewys uit die bron, wat daarop aandui dat Martin Luther King Jnr. 'n leidende rol in die stryd om burgerregte van Swart Amerikaners in die VSA in 1955 gespeel het. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die busboikotte daarin geslaag het om segregasie op busse in Montgomery te beëindig. (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Verskaf VIER redes uit die bron wat daarop dui dat Martin Luther King Jnr. bekommerd oor die situasie in Birmingham was. (4 x 1) (4)

3.2.2 Wat dink jy het Martin Luther King Jnr. geïmpliseer met die woorde: 'Ons was die slagoffers van 'n gebroke belofte', in die konteks van die optog na Birmingham? (1 x 2) (2)

3.2.3 Watter gevolgtrekking kan gemaak word oor die houding van blanke politieke leiers teenoor rasse-integrasie in Birmingham? (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik wat Martin Luther King Jnr. bedoel het met die stelling: 'Onderdrukte mense kan nie vir ewig onderdruk bly nie.' (1 x 2) (2)

3.2.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat Martin Luther King Jnr. se rol in die Burgerregtebeweging in die VSA gedurende die 1960's navors. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe dra die foto oor met betrekking tot die optog na Washington op 28 Augustus 1963? Gebruik visuele leidrade uit die bron om jou antwoorde te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Verduidelik waarom jy dink Martin Luther King Jnr. se, 'Ek het 'n droom toespraak', as een van die beste toesprake wat gelewer was, beskou word. (1 x 2) (2)

3.4 Bestudeer Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B rakende die doelwitte van die Burgerregtebeweging ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Waarom, volgens die bron, het Martin Luther King Jnr. die optog van Selma na Montgomery georganiseer? (1 x 2) (2)

3.5.2 Definieer die konsep *segregasionis* in die konteks van die Burgerregtebeweging in die VSA. (1 x 2) (2)

3.5.3 Verduidelik waarom Swart Amerikaners aan polisie-brutaliteit in Selma onderwerp was. (1 x 2) (2)

3.5.4 Kies EEN bewys uit die bron wat daarop dui dat die optog van Selma na Montgomery suksesvol was. (1 x 2) (2)

3.5.5 Lewer kommentaar op die betekenis van die Stemregwet van 1965 op Swart Amerikaners wat in die 1960's in die VSA gewoon het. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer agt lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol wat Martin Luther King Jnr. gespeel het in die beëindiging van rassesegregasie en diskriminasie in die VSA in die 1960's verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die VSA het in 1975 uit Viëtnam onttrek omdat die oorlog moeiliker geword het en die publiek tuis teen die VSA se deelname gedraai het.

Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou antwoorde met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA – UITDAGINGS WAT KONGO IN DIE GESIG NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

Bespreek krities hoe Mobutu Sese Seko die Kongo se politieke en ekonomiese uitdagings aangespreek het na die verkryging van onafhanklikheid vanaf België in 1961.

Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was in die verkryging van selfstandigheid, selfverdediging en rassetrots vir Swart Amerikaners in die VSA gedurende die 1960's. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# GESKIEDENIS V1
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE GEALLIEERDE MAGTE OP DIE SOWJET-BLOKKADE VAN BERLYN IN 1948 GEREAGEER?

### BRON 1A

Die volgende bron beskryf die ekonomiese toestande in Berlyn na die Tweede Wêreldoorlog.

Soos die res van Duitsland het Berlyn groot skade gely. Behuisingsruimte is ernstig verminder. Sowat 70 persent is beskadig, maar kon steeds skuiling bied. Slegs 43 persent van die werkplekke in Berlyn het oorleef. Hospitaalbeddens is van 33 000 tot 8 500 verminder. Nie een van Berlyn se sewe-en-tagtig rioolstelsels het gefunksioneer nie, so siektes soos tifus en disenterie het vinnig versprei, ŉ situasie wat vererger was deur die tekort aan dokters.

Die voedselstelsel was ook van kritieke belang. Berlyn kon slegs 2 persent van wat benodig was, produseer. Slegs die invoer van voedsel uit die Sowjet-besettingsone het hongersnood voorkom. Die Sowjetunie het geweier om Westerse troepe vir twee maande in Berlyn toe te laat ná die stad se oorgawe op 7 Mei 1945. Gedurende daardie agt weke was Berlyn en die Berlyners aan wrede behandeling deur die Sowjetleër onderwerp.

In die verwarring om die oorlog te beëindig, die onderhandeling van hoe die naoorlogse Europa daarna sou uitsien en die vasstelling van die besetting, het die Geallieerde beplanners ŉ beduidende detail oor die hoof gesien: geen formele ooreenkoms het Westerse toegang deur oppervlakvervoer gewaarborg nie. Geleenthede om toegang te onderhandel, het hulself tussen 1944 en 1946 voorgekom, maar ander sake het voorkeur geniet. Daar is aanvaar dat die teenwoordigheid van die Westerse garnisoene toegang gewaarborg het; dat die Weste altyd met die Sowjetunie oor die weg kon kom en dus geen rede vir skriftelike waarborge was nie. Die gebrek aan ŉ formele ooreenkoms het die Sowjetunie in staat gestel om te beweer dat die Geallieerdes slegs met die spesiale toestemming van die Sowjetunie in Berlyn was, nie as gevolg van hul regte as oorwinnaars nie, en dat hierdie spesiale toestemming teruggetrek kon word.

[Uit *The Making of the Modern World* deur Christopher Condon]

**BRON 1B**

Die onderstaande bron beskryf die redes waarom Rusland besluit het om toegang na Berlyn in 1948 te blokkeer.

In 1947 was daar groot verskuiwings in besettingsbeleid in Duitsland. Op 1 Januarie het die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk hul onderskeie sones verenig en Bizonia gevorm, wat spanning tussen die Ooste en die Weste laat toeneem het. In Maart het die ineenstorting van die Moskou-konferensie van Buitelandse Ministers en die aankondiging van die Truman Doktrine gedien om die lyne van 'n toenemend bipolêre (twee-ledige) internasionale orde te verhard. In Junie het die Minister van Buitelandse Sake, George Marshall, die Europese Herstelprogram aangekondig. Die doel van die Marshall-plan – soos die program genoem is – was nie net om ekonomiese herstel in Wes-Europa te ondersteun nie, maar ook om – buffer teen kommunisme te skep deur deelnemende state in die Verenigde State se ekonomiese wentelbaan te trek.

Vroeg in 1948 het die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk en Frankryk in die geheim begin beplan vir die skepping van 'n nuwe Duitse staat wat uit die Westerse Geallieerdes besettingsones sou bestaan. In Maart, toe die Sowjetunie hierdie planne ontdek het, het hulle hulle aan die Geallieerde Beheerraad onttrek, wat sedert die einde van die oorlog gereeld vergader het om besettingsbeleid tussen sones te koördineer. In Junie, sonder om die Sowjetunie in te lig, het Amerikaanse en Britse beleidmakers die nuwe Deutschmark aan Bizonia en Wes-Berlyn bekendgestel. Die doel van die valutahervorming was om ekonomiese beheer van die stad van die Sowjetunie oor te neem, om die implementering van die Marshall-planhulp moontlik te maak en die stad se swartmark te bekamp. Sowjet-owerhede het met soortgelyke skuiwe in hul sone gereageer. Benewens die uitreiking van hul eie geldeenheid, die Ostmark, het die Sowjetunie alle groot pad-, spoor- en kanaalroetes na Wes-Berlyn geblokkeer en sodoende dit van elektrisiteit ontneem asook van 'n bestendige vloei van noodsaaklike voedsel en steenkool.

[Uit https://history.state.gov/milestones/1945-1952/berlin-airlift. Toegang op 15 April 2022 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1C**

Die onderstaande bron verduidelik hoe die Geallieerde Magte op die Russiese Blokkade van Berlyn in 1948, gereageer het.

Die Geallieerdes het verskeie opsies gehad om die Berlynse blokkade te konfronteer. Hulle kon probeer om toevoerroetes op die grond oop te maak, of hulle kon Berlyn uit die lug voorsien. Die eerste instink van genl. Lucius D. Clay, Amerikaanse militêre goewerneur, was om voor te stel dat ŉ Amerikaanse gepantserde kolom onmiddellik op die pad na Berlyn geplaas word. Die ... VSA het dit goedgekeur met die bepaling dat die gepantserde kolom nie sou probeer om sy pad oop te veg as die Russe nie in sou gee nie. Clay het geweier om onder daardie omstandighede voort te gaan. In die lig van die beperkte grondopsies was daar geen ander opsie as om Berlyn per lug te voorsien.

Die Geallieerdes het in Julie begin met die vermoë om meer as 2 000 ton per dag te lewer en het die veldtog voltooi met die vermoë om 6 000 tot 7 000 ton per dag te vervoer. Geallieerde vliegtuie moes Berlyn voorsien van nie net genoeg kos en voorrade om die blokkade te oorleef nie, maar genoeg kos en voorrade om as ŉ gemeenskap te floreer. Berlyn het voldoende voorrade byderhand gehad om vir ongeveer 30 dae te duur.

Teen die begin van 1949 het vervoervliegtuie vanaf agt vertrek-vliegvelde na drie aankoms-vliegvelde gewerk. Die noue korridors in en uit Berlyn, tesame met beperkte lugruim oor die stad en die vasgestelde opritruimte op die drie Berlynse vliegvelde, het ŉ vereiste geplaas om elke gleuf met presisie te gebruik ... Generaal Tunner se deurlopende vloei was op ŉ drie-minuut vertrek interval gebaseer. Dit het uitgeloop op 480 landings in ŉ 24-uur dag by elk van die drie Berlynse vliegvelde.

[Uit http://www.jstor.com/stable/resrep13825.9. Toegang op 21 November 2021 verkry.]

## BRON 1D

Hierdie foto wat in 1948 geneem is, toon 'n Amerikaanse vervoervliegtuig wat voorrade vervoer en op die punt is om by Tempelhof-lughawe, Wes-Berlyn, te land.



[Uit *The Oxford Illustrated History of Modern Europe*, geredigeer deur TCW Blanning]

## VRAAG 2: WAAROM IS DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE AS ’N KEERPUNT IN DIE GESKIEDENIS VAN SUIDER-AFRIKA BESKOU?

**BRON 2A**

Die volgende bron verduidelik hoe die Slag van Cuito Cuanavale in 1987 ontvou het.

In Augustus 1987 het Angolese en Kubaanse taakmagte onder ŉ Russiese bevelvoerder ŉ grootskaalse aanval op UNITA begin. Die Suid-Afrikaanse troepe wat tot die redding gehaas is, het vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog van tenks gebruik gemaak. Die gevegte wat noord van Mavinga gewoed het, is bekend as die grootste stryd tot op datum in Afrika suid van die Sahara. Die Suid-Afrikaners, ondersteun deur UNITA, het die Angolese se opmars op die Lombarivier gestop en hulle teruggedryf na Cuito Cuanavale, waar die Angolese soldate ingegrawe en hardnekkig weerstand gebied het.

Hulle het ook toenemende steun van hul lugmag begin kry terwyl die Suid-Afrikaanse lugmag beheer oor die lug begin verloor het. Die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het gedink dat Cuito Cuanavale geneem (oorwin) kan word, maar dat dit die lewens van ongeveer 300 wit soldate sowel as ŉ groot aantal swart soldate van die Suidwes-Afrikaanse Territoriale Mag en UNITA sou kos. So ŉ prys is as te hoog beskou en daar is besluit om Cuito Cuanavale in Angolese besit te laat ...

Cuito Cuanavale was ŉ keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika. Die skaakmat daar het daartoe gelei dat alle partye weer gedink het. Dit was vir almal duidelik dat die oorwinning nie in sig was nie en dat die voortsetting van die oorlog tot voortdurende groter verliese sou lei. Suid-Afrika het dit al hoe moeiliker gevind om die enorme (groot) koste van die oorlog in Angola te regverdig, wat meer as R1 miljoen per dag beloop het. Bowenal het die verlengingslys van jong mans wat in Angola gesterf het en die toenemende militarisering van Suid-Afrika, teenstand ontlok. Terselfdertyd het Angola gesmag (verlang) na vrede sodat haar oorlogbeskadigde ekonomie, infrastruktuur en menseverhoudinge herstel kan word.

[Uit *South Africa in the 20th Century* deur BJ Liebenberg en SB Spies (eds.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Die onderstaande uittreksel was geneem uit ŉ toespraak deur Fidel Castro (leier van Kuba) by ŉ saamtrek wat op 5 Desember 1988 deur duisende mense in Havana bygewoon is. Castro het die betrokkenheid van Kubaanse troepe in die Slag van Cuito Cuanavale verdedig.

Die Angolese regering het ons (Kuba) die verantwoordelikheid gegee om Cuito Cuanavale te verdedig, en alle nodige maatreëls is getref om nie net die Suid-Afrikaners te keer nie, maar om Cuito Cuanavale in ŉ lokval te omskep, ŉ lokval waarin die Suid-Afrikaners gehardloop het. In Cuito Cuanavale het die Suid-Afrikaanse weermag regtig hul tande gebreek (sy mag verloor) ...

Die Verenigde State het al ŉ geruime tyd met Angola vergader en hulself as bemiddelaars (onderhandelaars) tussen die Angolese en die Suid-Afrikaners voorgehou om ŉ vreedsame oplossing te soek, en so het die jare verbygegaan. Maar terwyl hierdie veronderstelde onderhandelinge met die Verenigde State as tussengangers (onderhandelaars) plaasgevind het, het die Suid-Afrikaners ingegryp en probeer om die Angolese situasie militêr op te los, en miskien sou hulle dit bereik het as dit nie vir die moeite was wat ons land (Kuba) gedoen het nie. Trouens, die verhouding van magte het radikaal verander. Die Suid-Afrikaners het ŉ verpletterende nederlaag in Cuito Cuanavale gely en die ergste deel vir hulle was nog op pad ...

Daar is oomblikke wanneer moeilike en bitter besluite geneem moet word, en toe daardie oomblik aanbreek, het ons party en ons gewapende magte nie vir ŉ oomblik gehuiwer nie. Ek glo dit het gehelp om ŉ politieke ramp, ŉ militêre ramp vir Angola, vir Afrika en vir alle progressiewe magte te voorkom. Ek glo dat ons optrede die vooruitsigte vir vrede wat nou in die streek voorkom, beslissend ŉ hupstoot gegee het.

[Uit *In Defence of Socialism: Four Speeches on the 30th Anniversary of the Cuban Revolution* deur F Cast]

**BRON 2C**

Die onderstaande bron is ʼn artikel wat deur Ronnie Kasrils, voormalige adjunkminister van Verdediging geskryf was oor die impak van die Slag van Cuito Cuanavale op Namibië en Suid-Afrika.

Die sentrale kwessie was die VN se Resolusie 435 van 1978, wat ʼn einde aan die Suid-Afrikaanse besetting van Namibië en die land se onafhanklikheid geëis het. Suid-Afrikaanse en Kubaanse militêre onttrekking uit Angola was hieraan gekoppel. Dit is geskiedenis dat die laaste SAW-soldaat Angola aan die einde van Augustus 1988 verlaat het en dat Namibië in Maart 1990 onafhanklik geword het. Die apartheid minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het probeer om Resolusie 435 te verander en beweer dat die SAW hom slegs uit Angola sou onttrek, 'indien Rusland en sy gevolmagtigdes dieselfde sou doen'.

In Maart 1988 het Pretoria slegs aangebied om uit Namibië te onttrek – nie uit Namibië – inruil vir die onttrekking van Kubaanse magte uit Angola. Die implikasie was dat Suid-Afrika geen werklike bedoeling gehad het om die gebied prys te gee nie. Hulle het dit egter gedoen, iets wat hulle nog nooit oorweeg het voor die finale onsuksesvolle poging om Cuito Cuanavale oor te neem nie. Dit getuig dat mislukking daar, gevolg deur die Kubaanse-Angolese offensief suidwaarts, die strategiese situasie beslissend verander het, die opkoms van Pretoria se valke gebreek het en nie net tot Namibiese onafhanklikheid gelei het nie, maar ook tot die finale proses van demokratiese verandering in Suid-Afrika self.


Met so ʼn nederlaag het die SAW sy invloed en aansien verloor. Ek sou argumenteer dat dit bygedra het tot die dramatiese verskuiwing in benadering vanaf die aggressiewe militaris PW Botha na FW de Klerk. Die sukses van die onderhandelinge tussen die apartheidsregime en die ANC het gevolg, wat tot ʼn demokratiese Suid-Afrika gelei het. Vanaf die 1960's het die SAW die apartheidsregime se strategie gedien om die sogenaamde Frontliniestate te destabiliseer. By Cuito Cuanavale, 25 jaar gelede, het dit tot ʼn einde gekom.

[Uit *South Africa in the 20th Century* deur BJ Liebenberg en SB Spies]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2D**

Die onderstaande foto beeld Sam Nujoma en FW de Klerk wat hande skud tydens die onafhanklikheidsfeesvieringe van Namibië in Maart 1990.



[Uit https://www.bbc.com/news/world-africa-13891138. Toegang op 22 Februarie 2022 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER ROL HET MARTIN LUTHER KING JNR. GESPEEL IN DIE BEËINDIGING VAN RASSESEGREGASIE EN DISKRIMINASIE IN DIE VSA IN DIE 1960's?

### BRON 3A

Die volgende bron verduidelik hoe die Montgomery-busboikotte Martin Luther King Jnr. in 1955 in ŉ leierskapsposisie van die Burgerregtebeweging aangedryf het.

Teen die einde van 1955, het King hom te midde van die stryd om burgerregte in die hartjie van die Suide bevind. ... Rosa Parks het pas ŉ lang dag se werk as naaldwerkster in ŉ sentrum se afdelingswinkel voltooi. Toe sy op die bus klim, het Parks ŉ sitplek in die eerste ry van die Afro-Amerikaanse afdeling beset, net om beveel te word om ŉ paar minute later te beweeg om ŉ inkomende blanke passasier te akkommodeer. Terwyl Parks voortgegaan het om te sit, het die busbestuurder die polisie betrokke gekry, wat haar in hegtenis geneem het.

Parks se inhegtenisneming het King in die voorste linies van ŉ plaaslike beweging vir burgerregte gedryf.. Hy het ŉ beroep op sy gemeente gedoen om by ŉ stadswye, eendagboikot van stadsbusse aan te sluit. ... Bewus van die geskiedenis van verdeeldheid onder die stad se swart gemeenskap, het hy ŉ beroep gedoen op eenheid terwyl hulle saamgewerk het vir geregtigheid. Die busboikot het Montgomery se Afro-Amerikaanse gemeenskap verenig.

Hul eerste vervoer alternatief was om Swart-Amerikaanse taxi's in te roep om diens te lewer teen ŉ verminderde koers gelykstaande aan plaaslike bustariewe. ŉ Ingewikkelde saamry-stelsel is geskep wat inwoners in staat gestel het om die vervoer te kry wat hulle nodig gehad het. In plaas daarvan om hul dollars in blanke besighede in die middestad te spandeer, het Swart-Amerikaners toenemend van mekaar afhanklik geword en nuwe sake- en werksgeleenthede geskep.

King het verklaar: "Hier in Montgomery, wanneer die geskiedenisboeke in die toekoms geskryf gaan word, sal iemand moet sê: 'Daar het ŉ ras van swart mense geleef ... wat die morele moed gehad het om op te staan vir hul regte.'

[Uit *Becoming King – Martin Luther King Jr. – The making of a national leader* deur Troy Jackson]

**BRON 3B**

Die onderstaande bron is 'n uittreksel uit Martin Luther King Jnr. se brief uit Birmingham-tronk waarin hy die redes vir die Burgerregtebeweging se optog in Birmingham uiteensit. Die brief is op 16 April 1963 geskryf.

Ek kan nie ledig in Atlanta sit en nie bekommerd wees oor wat in Birmingham gebeur nie. ... Birmingham is waarskynlik die deeglikste gesegregeerde stad in die Verenigde State. Sy lelike rekord van polisiewreedheid is in elke deel van hierdie land bekend. Die onregverdige behandeling van Negers in die howe is 'n berugte werklikheid. Daar was meer onopgeloste bomaanvalle van Negro-huise en kerke in Birmingham as in enige ander stad in hierdie land.

Op grond van dit het Negro-leiers probeer om met die stadsvaders te onderhandel. Maar die politieke leiers het konsekwent geweier om aan goeie geloofsonderhandeling deel te neem. ... Verlede September het die geleentheid hom voorgedoen om met leiers van Birmingham se ekonomiese gemeenskap te praat. Tydens die onderhandelinge is sekere beloftes deur die handelaars gemaak – byvoorbeeld om die winkels se vernederende rassetekens te verwyder. ... Namate die weke en maande verbygegaan het, het ons besef dat ons die slagoffers van 'n gebroke belofte was.

Ons wag al meer as 340 jaar vir ons grondwetlike en Godgegewe regte. Miskien is dit maklik vir diegene wat nog nooit die angel pyle van segregasie gevoel het om te sê, "Wag." Maar wanneer jy bose bendes gesien het, jou moeders en vaders na willekeur; hang, wanneer jy gesien het hoe polisiemanne gevul met haat jou swart broers en susters vervloek, skop of selfs doodmaak – dan sal jy verstaan waarom ons dit moeilik vind om te wag. ... Onderdrukte mense kan nie vir ewig onderdruk bly nie. Die drang na vryheid sal uiteindelik kom. Ons sal die doel van vryheid in Birmingham en regoor die land bereik.

[Uit https://www.africa.upenn.edu/Articles_Gen/Letter_Birmingham.html. Toegang op 15 April 2022 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie foto was geneem tydens die Optog na Washington, wat op 28 Augustus 1963 plaasgevind het. Dit beeld Martin Luther King en ander godsdiensleiers uit wat 'n skare van 200 000 betogers lei. Dit was tydens hierdie optog dat Martin Luther King sy beroemde 'Ek het 'n droom toespraak' gelewer het.




[Uit https://jwa.org/media/photograph-of-march-on-washington-featuring-we-march-for-signs-and-civil-rights-movement-leader. Toegang op 15 April 2022 verkry.]

**MARTIN LUTHER KING JNR.**

**BEËINDIG NOU GESEGREGEERDE REËLS IN SKOLE**

**ONS EIS NOU GELYKE REGTE!**

**ONS PROTESTEER VIR WERK VIR ALMAL NOU**

**BRON 3D**

Hierdie bron verduidelik waarom die Burgerregtebeweging, onder lyding van Martin Luther King Jnr. die optog van Selma na Montgomery in Maart 1965 begin het.

... Meer as drie van elke vier potensiële swart kiesers in Alabama is die basiese reg ontsê om hul stembriewe uit te bring. Toe eerwaarde King vroeg in 1965 na Selma gekom het, het hy sy luisteraars verseker dat, "Ons sal poog om die federale regering op te wek deur in duisende na die plek van registrasie op te mars". Gedurende die volgende weke, toe swartes na die hof gemarsjeer het om te registreer, is hulle met polisieknuppels begroet en in hegtenis geneem. King, is selfs gearresteer. Soos in Birmingham is 500 Selma-skoolkinders aangemoedig om ná King se inhegtenisneming op die streek se hof te marsjeer.

President Johnson het toe ŉ teenaksie gemaak en die Alabama Nasionale Wag gefederaliseer en 1 800 troepe ontplooi om die betogers op die pad na Montgomery te bewaak. Terwyl die betogers langs Roete 80 in die rigting van Montgomery beweeg het, is hulle begroet met ŉ lang en konstante stroom teenstaanders en blanke segregasioniste wat geskree het: "Yankee-vuilis gaan huis toe." Maar anders as die vroeëre optog van Selma was daar geen geweld nie. Die optog het vyf dae geduur.

Namate die betogers die buitewyke van Montgomery genader het, het die woord gesirkuleer van ŉ komplot om eerwaarde King dood te maak. Onverskrokke (onbesorg) deur die bedreiging, wou King nie die optog verlaat om sy lewe te beskerm nie. King het die triomfantelike skare toegespreek. Hy het geweet dat almal moeg, maar trots op hulle prestasie was. Hy het hulle verseker dat hul optrede opgemerk word en dat hul stemme gehoor word: "Ek staan vanmiddag voor jou met die oortuiging dat segregasie op sy sterfbed in Alabama is". Op 6 Augustus 1965 het President Johnson die Stemreg wet onderteken. Langs hom toe hy sy naam op die nuwe wet geplaas het, was Martin Luther King Jnr. en Rosa Parks.

[Uit *The Civil Rights Movement – Striving for Justice* deur Tim McNeese.]

## ERKENNINGS


Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*Becoming King – Martin Luther King Jr. – The making of a national leader*

http://www.jstor.com/stable/resrep13825.9

https://history.state.gov/milestones/1945-1952/berlin-airlift

https://jwa.org/media/photograph-of-march-on-washington-featuring-we-march-for-signs-and-civil-rights-movement-leader

https://www.africa.upenn.edu/Articles_Gen/Letter_Birmingham.html

https://www.bbc.com/news/world-africa-13891138

*In Defence of Socialism: Four Speeches on the 30th Anniversary of the Cuban*

*South Africa in the 20th Century*

*The Civil Rights Movement – Striving for Justice*

*The Making of the Modern World* deur Christopher Condon

*The Oxford illustrated History of Modern Europe*


Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# GESKIEDENIS P1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 25 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | 30%<br>(15) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | 40%<br>(20) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | 30%<br>(15) |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ʼn antwoord op ʼn paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ʼn kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ʼn kort kommentaar bv.

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ʼn logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ʼn redelike reeks feite of ʼn effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ʼn opstel ʼn inleiding, ʼn samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ʼn slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ʼn spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ʼn riglyn vir nasien van ʼn spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## 2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ____________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING →<br>INHOUD ↓ | VLAK 7<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3<br>Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1<br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1 HOE HET DIE GEALLIEERDE MAGTE OP DIE SOWJET-BLOKKADE VAN BERLYN IN 1948 GEREAGEER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Behuisingsruimte is ernstig verminder.
- Slegs 43 persent van die werkplekke in Berlyn het oorleef.
- Hospitaalbeddens is van 33 000 tot 8 500 verminder.
- Nie een van Berlyn se sewe-en-tagtig rioolstelsels het gefunksioneer nie.
- Siektes soos tifus en disenterie het vinnig versprei,
- Tekort aan dokters.
- Die voedselstelsel was ook krities. (Enige 4 x 1) (4)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Slegs die invoer van voedsel uit die Sowjet-besettingsone het hongersnood in Berlyn voorkom.. (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Geen formele ooreenkoms het Westerse toegang deur oppervlakvervoer gewaarborg nie. (1 x 1) (1)

1.1.4 *[Ontleding van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Rusland was die enigste wettige land wat Berlyn kon regeer.
- Rusland het die alleenreg gehad om die toegang tot Berlyn te beheer.
- Die ander lede van die Geallieerde magte het Russiese toestemming nodig gehad om toegang tot Berlyn te verkry.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Verenigde State'
- 'Verenigde Koninkryk' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Die Geallieerde Magte wou die ekonomie van Berlyn en Duitsland deur die Marshall-plan herbou.
- Die Sowjetunie wou Duitsland ekonomies straf en vernietig.
- Rusland wou 'n swak Duitsland hê wat haar nie in die toekoms sou bedreig nie.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk en Frankryk het in die geheim begin beplan vir die skepping van 'n nuwe Duitse staat wat uit die Westerse Geallieerdes besettingsones sou bestaan.
- Die Amerikaanse en Britse beleidmakers het die nuwe Deutschmark aan Bizonia en Wes-Berlyn bekendgestel. (2 x 1) (2)

1.2.4 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V1]*

- ŉ Ekonomiese stelsel op staatsbesit gebaseer.
- ŉ Politieke en ekonomiese stelsel wat ŉ klaslose samelewing voorstaan waar alle eiendom en rykdom deur almal gedeel word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.5 *[Ontleding van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Stalin wou die Weste uit Berlyn dryf.
- Hy wou ŉ kommunistiese oorname van Berlyn en Oos-Europa implementeer.
- Om te verhoed dat die Geallieerdes Wes-Berlyn as ŉ kapitalistiese skoustuk herbou.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.6 *[Evaluering van bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1B – V3]*

**Hierdie bron is tot ŉ groot mate bruikbaar omdat:**

- Dit eksplisiete/uitdruklike redes verskaf waarom Rusland besluit het om Berlyn te blokkeer.
- Die bron is deur geskiedkundiges geskryf en deur ŉ betroubare webwerf gepubliseer.
- Die bron gee insig oor die ideologiese verskille tussen die VSA en die USSR.
- Die doel van die bron is om die leser in te lig oor die redes vir die blokkade en om die leser te oorreed om nie bevooroordeeld teen of vir enige land te wees nie.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'om toevoerroetes op die grond oop te maak'
- 'of hulle kon Berlyn uit die lug voorsien.' (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Definisie van historiese begrip binne die konteks van Bron 1C – V2]*

- Die optrede van Rusland om die aflewering van noodsaaklikhede vanaf Wes-Duitsland na Wes-Berlyn via pad- en spoorvervoer te voorkom.
- Die doelbewuste sluiting van alle toegangroetes na Wes-Berlyn
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C – V2]*

- Onttrekking uit Wes-Berlyn sou op swakheid aan die kant van die Geallieerdes dui.
- Geallieerdes wou Wes-Berlyn teen kommunistiese uitbreiding beskerm.
- Om die VSA se vasberadenheid om kommunisme in Wes-Berlyn in te perk, ten toon te stel.
- Die VSA wou Wes-Berlyn ten toon stel as ŉ baken van hoop en voorspoed in die hart van die Russiese besette Oos-Duitsland.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Stalin wou ŉ 'warm' oorlog teen die Geallieerdes vermy.
- Rusland sou as die aggressor gesien word.
- Stalin het in daardie stadium geen kernwapens gehad nie.
- Die VSA het binne die drie lugkorridors gewerk soos in die Potsdam-konferensie bepaal.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Om te wys dat die VSA vasbeslote was om die mense van Wes-Berlyn te ondersteun.
- Om te wys dat die mense van Wes-Berlyn die VSA se hulp ondersteun het.
- Om die Geallieerde se vasberadenheid om kommunisme in te perk, ten toon te stel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die foto het die bepalende oomblik van die Koue Oorlog in Berlyn vasgevang.
- Die foto herinner elkeen aan die verbintenis van die Westerse magte om kapitalisme in Berlyn te beskerm.
- Die foto staan uit as gevolg van sy historiese betekenis met betrekking tot die Koue Oorlog politiek in Berlyn.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1C en 1D – V3]*
- Bron 1C verklaar dat die VSA besluit het om Berlyn per lug te ondersteun wat duidelik in Bron 1D geïllustreer word.
- Bron 1C verklaar dat Wes-Berlyn voorsien is van kos en ander voorrade wat duidelik getoon word deur die vliegtuig wat kos en voorrade in Bron 1D lewer.
- Bron 1C verklaar dat daar 480 landings in ŉ 24-uur dag was, terwyl Bron 1D een van die landings wat in Bron 1C genoem word, uitbeeld.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

- Berlyn was in die Sowjet-sone van beheer geleë. (Eie kennis)
- Berlyn is erg deur die oorlog beskadig. (Bron 1A)
- Tydens die onderhandelinge het geen formele ooreenkoms Westerse toegang deur oppervlakvervoer na Berlyn gewaarborg nie. (Bron 1A)
- Die Sowjetunie het geglo dat die Geallieerdes in Berlyn was omdat die Sowjetunie hulle toegelaat het om daar te wees. (Bron 1A)
- Spanning het toegeneem met die vorming van Bizonia en implementering van die Marshall-plan (Bron 1B)
- In Junie het die Verenigde State en Brittanje die nuwe Deutschmark in Bizonia en Wes-Berlyn bekendgestel. (Bron 1B)
- Die Sowjetunie het alle oppervlakpaaie na Berlyn versper. (Bron 1B)
- Die Geallieerde magte het twee opsies gehad – grond of lugondersteuning (Bron 1C)
- Die Geallieerde magte het met die Berlynse lugbrug gereageer. (Bron 1C en 1D)
- Tonne kos en ander voorrade is daagliks na Wes-Berlyn gevlieg. (Bron 1C en 1D)
- 480 landings elke dag (Bron 1C en 1D)
- Stalin het die blokkade verwyder toe dit ondoeltreffend geword het (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv., toon min of geen begrip **van hoe die Verenigde State van Amerika (VSA) op die Sowjet-blokkade van Berlyn in 1948 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv., toon 'n mate **van begrip van hoe die Verenigde State van Amerika (VSA) op die Sowjet-blokkade van Berlyn in 1948 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv., toon 'n deeglike begrip **van hoe die Verenigde State van Amerika (VSA) op die Sowjet-blokkade van Berlyn in 1948 gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 2: WAAROM IS DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE AS 'N KEERPUNT IN DIE GESKIEDENIS VAN SUIDER-AFRIKA BESKOU?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Angola'
- 'Kuba' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'die Suid-Afrikaanse lugmag lugbeheer begin verloor het.'
- 'dat dit die lewens van ongeveer 300 wit soldate sou kos'
- 'sowel as 'n groot aantal swart soldate van die Suidwes-Afrikaanse Territoriale Mag en UNITA'
- daar is besluit om Cuito Cuanavale in Angolese besit te laat (4 x 1) (4)

2.1.3 *[Definisie van 'n konsep binne die konteks van Bron 2A – V2]*

- Die onvermoë van beide die SAW en die Angolese magte om mekaar te verslaan; wat dus tot 'n geen-wennersituasie gelei het.
- Die oorlog tussen die SAW en MPLA-magte het gelykop geëindig met geen regstreekse wenner nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die einde van die oorlog sou Angola toelaat om hul ekonomie te herbou.
- Die einde van die oorlog sou vrede tussen die MPLA, FNLA en UNITA bring.
- Die MPLA, FNLA en UNITA kan daarop fokus om saam te werk om hul land te herbou.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'die Suid-Afrikaanse weermag regtig hul tande gebreek (sy mag verloor)' (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Die VSA wou nie hê die kommuniste moes die oorlog wen nie.
- Die VSA wou hul oliebelange in Angola beskerm.
- Die VSA wou nie troepe na Angola ontplooi ná hul mislukte ingryping in Viëtnam nie.
- Die VSA wou stabiliteit na die streek bring.
- Die VSA wou verhoed dat Rusland haar ekonomiese belange in Afrika bevorder.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Castro het gevoel dat dit Kuba se ingryping in die oorlog was wat vrede na Suidoos-Afrika gebring het.
- Castro beweer dat dit die ingryping van Kuba was wat gelei het tot die nederlaag van die SAW en die daaropvolgende vrede in daardie streek.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Evalueer die beperkinge van bewyse uit Bron 2B – V3]*

**Die bron is beperk omdat:**

- Dit gee ʼn Kubaanse standpunt oor die oorlog.
- Die bron nie gebalanseerd is nie – gee eensydige siening.
- Dit positiewe woorde gebruik om Kuba se positiewe ingryping te beskryf (Kuba beslissend versterk ...)
- Dit bron gebruik negatiewe woorde om Suid-Afrika se nederlaag (hul tande gebreek) te beskryf.
- Die bron kan as propaganda beskou word
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- ‘wat ʼn einde aan die Suid-Afrikaanse besetting van Namibië en die land se onafhanklikheid geëis het’. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Ronnie Kasrils het gesê dat Suid-Afrika hom aan Namibië moes onttrek en die land onafhanklikheid moes toelaat, terwyl Pik Botha geglo het dat Suid-Afrika se onttrekking uit Namibië slegs realiseer sal word indien Rusland en Kuba hulle aan Angola onttrek.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- ‘nie net tot Namibiese onafhanklikheid gelei het nie, maar ook tot die finale proses van demokratiese verandering in Suid-Afrika self.’
- ‘dit bygedra het tot die dramatiese verskuiwing in benadering vanaf die aggressiewe militaris PW Botha na FW de Klerk.’
- ‘Die sukses van die onderhandelinge tussen die apartheidsregime en die ANC’
- ‘tot ʼn demokratiese Suid-Afrika gelei het.’ (Enige 2 x 1) (2)

2.3.4 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2C – V1]*

- Politieke regeringstelsel gebaseer op die wil van die mense.
- ʼn Regering wat deur die mense vir die mense verkies is.
- ʼn Regering wat deur die meerderheid van al sy burgers verkies word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die Slag van Cuito Cuanavale het tot vreedsame betrekkinge tussen Suid-Afrika en Namibië gelei.
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die vyandelikhede tussen Suid-Afrika en Namibië beëindig.
- Die Slag van Cuito Cuanavale het gelei tot die toekenning van onafhanklikheid aan Namibië.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Dit het vyandigheid tussen SWAPO en die SAW beëindig.
- ANC en NP het onderhandelinge aangegaan om apartheid te beëindig.
- MPLA het die wettige regering van Angola geword.
- Die SA grensoorlog met Angola het tot ŉ einde gekom.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C verklaar dat die Slag van Cuito Cuanavale gelei het tot die onafhanklikheid van Namibië wat duidelik uitgebeeld word in die foto (Bron 2D) waar Sam Nujoma hande met De Klerk skud.
- Bron 2C verklaar dat die Slag van Cuito Cuanavale gelei het tot die aanname van mag deur De Klerk wat duidelik in die foto in Bron 2D aangedui word.
- Bron 2C verklaar dat die Slag van Cuito Cuanavale gelei het tot die einde van vyandelikhede tussen SA en hul frontliniestate, wat duidelik sigbaar is in die foto (Bron 2D) toe De Klerk hom tot die toekenning van onafhanklikheid aan Namibië verbind het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit.

- In 1987 het Suid-Afrikaners, ondersteun deur UNITA, die Angolese se opmars op die Lombarivier gestop en hulle teruggery na Cuito Cuanavale (Bron 2A)
- Suid-Afrika het lugbeheer verloor en lewensverlies gevrees (Bron 2A)
- Suid-Afrika het besluit om Cuito Cuanavale in Angolese besit te laat (Bron 2A)
- Die dooiepunt daar het daartoe gelei dat alle partye weer gedink het. (Bron 2A)
- Angola het gesmag na vrede sodat haar oorlogbeskadigde ekonomie, infrastruktuur en menseverhoudinge herstel kan word. (Bron 2A)
- Die Slag van Cuito Cuanavale het in ŉ lokval ontaard, ŉ lokval waarin die Suid-Afrikaners gehardloop het (Bron 2B)
- Die Suid-Afrikaners het ŉ verpletterende nederlaag by Cuito Cuanavale (Bron 2B) gely.
- Cuito Cuanavale het beslissend die vooruitsigte vir vrede wat nou in die streek teenwoordig is, ŉ hupstoot gegee. (Bron 2B)
- Implementering van Resolusie 435 (Bron 2C en 2D)
- Namibië het in Maart 1990 onafhanklik geword (Bron 2C en 2D)
- Lei tot die finale proses van demokratiese verandering in Suid-Afrika self. (Bron 2C)
- Die sukses van die onderhandelinge tussen die apartheidsregime en die ANC het gevolg, wat tot ŉ demokratiese Suid-Afrika (Bron 2C) gelei het.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, byvoorbeeld, toon min of geen begrip van **waarom die Slag van Cuito Cuanavale as ŉ keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika beskou is nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv., toon ŉ mate van begrip van **waarom die Slag van Cuito Cuanavale beskou is as ŉ keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika** Gebruik bewyse op ŉ baie basiese wyse. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, byvoorbeeld, toon ŉ insig **oor waarom die Slag van Cuito Cuanavale as ŉ keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika beskou is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER ROL HET MARTIN LUTHER KING JNR. IN DIE BEËINDIGING VAN RASSESEGREGASIE EN DISKRIMINASIE IN DIE VSA DIE 1960's GESPEEL?**

3.1 3.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Burgerregte is die nie-politieke regte en voorregte wat volgens wet aan alle burgers gegee word.
- Burgerregte verwys na die toekenning van regte vir persoonlike vryheid aan alle burgers van 'n land. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- ''n inkomende blanke passasier te akkommodeer.' (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Hy het 'n beroep op sy gemeente gedoen om by 'n stadswye, eendagboikot van stadsbusse aan te sluit'
- 'het hy 'n beroep gedoen op eenheid terwyl hulle saamgewerk het vir geregtigheid ' (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hulle het vir meer as 'n jaar geloop of saamry geleenthede gereël.
- Busmaatskappye het inkomste verloor.
- Burgerregteprokureurs het gesegregeerde busse in die hooggeregshof uitgedaag.
- Die Hooggeregshof het beslis dat gesegregeerde busse ongrondwetlik was en gedesegreer moes word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Birmingham is waarskynlik die deeglikste gesegregeerde stad in die Verenigde State'
- 'Sy lelike rekord van polisiewreedheid is in elke deel van hierdie land bekend.'
- 'Die onregverdige behandeling van Negers in die howe is 'n berugte werklikheid.'
- 'Daar was meer onopgeloste bomaanvalle van Negro-huise en kerke in Birmingham as in enige ander stad in hierdie land.'

(4 x 1) (4)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die belofte van die handelaars om die winkels se vernederende tekens te verwyder, is nooit nagekom nie.
- Die beloftes wat deur die handelaars gemaak is om Swartes in die middestad se departementele winkels in diens te neem, is nooit nagekom nie.
- Die stadsamptenare het belowe om diskriminasie en segregasie te beëindig, maar dit is nooit vervul nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Hulle was teen rasse-integrasie gekant.
- Hulle het hulself as meerderwaardig teenoor swartes beskou.
- Hulle het geglo dat Swartes minderwaardig was en as tweedeklasburgers behandel moes word.
- Hulle het wit oppergesag ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Swartmense sou uiteindelik opstaan en veg vir hul vryheid.
- Swartmense sal nie toelaat dat hulle vir ewig teen gesegregeer en gediskrimineer word nie.
- Swartmense se begeerte na vryheid sal so sterk word dat hulle uiteindelik sal veg vir dit waarin hulle geglo het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 *[Evalueer die betroubaarheid van Bron 3B – V3]*

**Hierdie bron is tot ŉ groot mate betroubaar omdat:**
- Dit is ŉ uittreksel uit ŉ brief is wat deur Martin Luther King jnr. uit die Birmingham-tronk geskryf was.
- Dit ŉ primêre bron – wat eerstehandse inligting gee
- Die datum van die bron stem ooreen met die datum van die historiese gebeurtenis.
- Die doel van die bron is om lesers in te lig oor die toestande en die redes vir die optog in Birmingham.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3]*
- Die foto dra die redes vir die optog oor – werksgeleenthede, einde van segregasie, stemregte en gelyke regte.
- Die optog, ondersteun deur duisende mense, wou hê die Amerikaanse regering moes segregasie en diskriminasie beëindig.
- Die optog is ondersteun deur beide swart en blanke Amerikaners.
- Verskeie kerke het ook die einde van diskriminasie en segregasie ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3]*
- Martin Luther King jnr. was ŉ kragtige spreker wat sy ondersteuners met sy kommunikasievaardighede beweeg het.
- Martin Luther King jnr. se pleidooi vir rassegeregtigheid en gelykheid is ondersteun deur almal wat die optog bygewoon het.
- Die toespraak het die meeste Amerikaners geïnspireer om die einde van rassisme en segregasie te ondersteun.
- Die Amerikaanse regering het die toespraak ondersteun en die Burgerregtewet uitgereik.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 3B verklaar dat die BRB segregasie en diskriminasie in Birmingham wou beëindig, terwyl Bron 3C plakkate uitbeeld wat die einde van segregasie aanvra.
- Bron 3B verklaar dat onderdrukte mense nie vir ewig onderdruk kan word nie, wat ondersteun word deur Bron 3C wat mense uitbeeld wat opruk ter ondersteuning van die beëindiging van onderdrukking.
- Bron 3B verklaar dat die drang van vryheid uiteindelik vir onderdrukte mense sal kom, terwyl daardie drang uitgeloop het op die optog na Washington soos in Bron 3C uitgebeeld.
- Bron 3B verklaar dat swart mense nie meer bereid was om te wag vir hul vryheid wat duidelik in Bron 3C gedemonstreer word wanneer mense die einde van diskriminasie en segregasie eis.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Meer as drie van elke vier potensiële swart kiesers in Alabama is die basiese reg ontsê om hul stembriewe uit te bring.'
- 'Ons sal poog om die federale regering op te wek deur in duisende na die plek van registrasie op te mars.' (Enige 1 x 2) (2)

3.5.2 *[Definisie van historiese konsep binne die konteks van Bron 3D – V2]*

- Amerikaners wat die gedwonge beleid van rassesegregasie in die VSA ondersteun het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Selma was ŉ KKK-vesting en die polisie is beveel om die betogers aan te val.
- Die federale staat van Alabama het rassesegregasie ondersteun.
- Die goewerneur van Selma/Alabama was ŉ segregasionis en het sy polisie opdrag gegee om dit af te dwing.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Op 6 Augustus 1965 het President Johnson die Stemregwet onderteken.' (1 x 2) (2)

3.5.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Swart Amerikaners was toegelaat om te stem.
- Diskriminerende wette wat Swart Amerikaners verhoed het om te stem, is verbied.
- Alle beperkings wat swart mense verhinder het om te stem, is verbied.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- King het ŉ beroep op sy gemeente gedoen om by ŉ stadswye, eendagboikot van stadsbusse aan te sluit nadat Rosa Parks in hegtenis geneem is. (Bron 3A)
- King het ŉ beroep gedoen op eenheid terwyl hulle saamgewerk het vir geregtigheid (Bron 3A)
- Busboikotte het Martin Luther King jnr. aan die voorpunt van die stryd om diskriminasie en segregasie te beëindig, geplaas (Bron 3A)
- King het die optog na Birmingham georganiseer om segregasie en diskriminasie in daardie stad te beëindig (Bron 3B)
- King het die optog geregverdig omdat swartes die slagoffers van ŉ gebroke belofte was. (Bron 3B)
- King het hom verbind tot die stryd om segregasie en diskriminasie te beëindig toe hy gesê het dat onderdrukte mense nie vir ewig onderdruk kan word nie. (Bron 3B)
- King het die behoefte beklemtoon om diskriminasie en segregasie te beëindig toe hy gesê het dat swartes nie vir ewig vir hul vryheid sal wag nie.
- Optog is beëindig toe stad segregasie verban en swartes werk in stadsdepartementele winkels gegee het. (eie kennis)
- King het die optog vir werksgeleenthede en vryheid in Washington in 1963 gelei (Bron 3C).
- King het sy 'Ek het ŉ droom toespraak' voor 200 000 betogers gelewer. (Bron 3C)
- 'Ek het ŉ droom toespraak' het gelei tot die aanvaarding van die Burgerregtewet van 1964 (Bron 3C en eie kennis)
- King het die optog vanaf Selma na Montgomery gelei om stemreg vir swartes te kry. (Bron 3D)
- King het die optog voortgesit ten spyte van doodsdreigemente (Bron 3D)
- Optog van Selma na Montgomery was suksesvol en het tot die aanvaarding van die Stemregwet van 1965 gelei (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of bewyse uit die bronne op ’n baie elementêre wyse onttrek nie**, bv. toon geen of min begrip van die rol wat Martin Luther King jnr. in die beëindiging van rassesegregasie en diskriminasie in die VSA in die 1960’s gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot ’n groot mate verband hou met die onderwerp bv., **toon ’n mate van begrip van die rol wat Martin Luther King jnr. gespeel het in die beëindiging van rassesegregasie en diskriminasie in die VSA in die 1960’s.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon**, bv., toon ’n deeglike begrip van die rol wat Martin Luther King jnr. gespeel het in die beëindiging van rassesegregasie en diskriminasie in die VSA in die 1960’s**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG – VIËTNAM

*[Beplan en bou ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saam met die stelling stem of nie. As hulle met die stelling saamstem, moet hulle verduidelik hoe moeilik die oorlog vir Amerika was en hoe die publiek teen die oorlog gedraai het. As hulle daarteen stem, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet saam of teen die stelling stem en kortliks aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- Genève-ooreenkoms en verdeling van Viëtnam
- Diem se weiering om verkiesings en stigting van kommunistiese Viëtkong
- Vietkong het ŉ guerrilla-oorlog teen Suid-Viëtnam begin
- Redes vir die VSA se betrokkenheid in Viëtnam: Inperking en domino teorie
- VSA het wapens en adviseurs gestuur – Vietkong ondersteun deur China Rusland en die Viëtminh via die Ho Chi Minh Roete
- VSA implementeer veilige dorpsbeleid – misluk omdat die Vietkong binne die dorpe bedryf het
- Vietkong gebruik suksesvolle guerrilla-taktiek (lokvalle, ondergrondse tonnels, verrassing aanvalle, tref en trap ens.)
- Vietkong was boere deur die dag en vryheidsvegters/guerrillavegters in die nag
- VSA het geglo dat oorlog maklik gewen kan word deur troepe na Viëtnam te stuur
- Golf van Tonkin en ontplooiing van Amerikaanse troepe na Viëtnam
- Operasie Rolling Thunder om die Chi Minh Roete te vernietig – mislukking
- VSA gebruik van chemiese wapens (Agent Orange en Agent Blue) draai die Viëtnamese bevolking teen die VSA
- Teen 1965 was daar meer as 500 000 troepe in Viëtnam
- Die VSA ontplooi grondtroepe wat soek-en-vernietig veldtogte loods – hulle was maklike teikens vir die Vietkong wat die dekking van die oerwoud tot hul voordeel gebruik het.
- Die Vietkong het gereageer met die Tet-offensief – verrassingsaanvalle en het 100 stede beset.
- Tet-offensief het tot 14 000 Amerikaanse ongevalle gelei.
- TV het die gruwels van oorlog blootgestel – baie mense het Amerika se betrokkenheid by die oorlog begin bevraagteken
- Die VSA se gruweldade en die My Lai-slagting het openbare mening teen die oorlog gedraai.

- Gelei tot anti-oorlog betogings in die VSA
- Baie was oortuig dat die VSA nie die oorlog kon wen nie en druk op die VSA geplaas om te onttrek.
- Die Vietkong het selde aan groot gevegte/veldslae deelgeneem.
- Hulle sou van nêrens af verskyn, doodmaak en verdwyn.
- Die lokvalle het vrees in die Amerikaanse soldate geïnspireer wat op sy beurt tot ŉ lae moraal gelei het.
- Die VSA het ŉ konvensionele oorlog gevoer wat van bomwerpers, geweerskepe en swaar gepantserde troepe afhanklik was.
- Die VSA het in ŉ vreemde land geveg wat hulle nie geken of verstaan het nie.
- President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid – onttrekking van Amerikaanse troepe terwyl hulle Suid-Viëtnam verlaat om hul stryd teen die Vietkong voort te sit
- Die VSA het alle troepe teen 1973 onttrek en Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem.
- Viëtnam is verenig onder ŉ kommunistiese regering
- Die VSA was in Viëtnam verslaan
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot afsluit. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE ARFIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en bou ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe Mobuto Sese Seko die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het, aangespreek ná hul verkryging van vryheid vanaf België in 1960.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet krities bespreek hoe Mobuto Sese Seko die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het, aangespreek het ná die verkryging van hul vryheid vanaf België in 1960. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- Die Kongo het in 1960 onafhanklikheid vanaf België verkry.
- Mobutu Sese Seko het deur ŉ staatsgreep aan bewind gekom en hy het ŉ eenpartystaat gestig.
- Implementeer ŉ beleid wat Afrika-oortuigings en -praktyke beklemtoon het. (Authenticité)
- Die Kongo was hoogs verdeeld langs etniese lyne met leiers wat met mekaar meegeding het.
- Opposisiepartye was onderdruk. Daar was bewyse van gevangenisstraf en menseregteskending van diegene wat teen die leierskap gepraat het.
- Mobuto het ŉ kleptokrasie geskep, waar ŉ groep aangestelde amptenare hul posisies vir finansiële gewin misbruik het.
- Mobutuïsme het tot ŉ outokratiese staat en ŉ persoonlikheidskultus gelei.
- Het ŉ sterk gesentraliseerde regering geskep.
- Politieke stabiliteit is deur outoritarisme verkry.
- Die Kongo het ŉ enkel-produk ekonomie geërf.
- Het swaar op landbou en minerale ontginning gesteun.
- Mobuto het ŉ doeltreffende ekonomiese strategie geïmplementeer, insluitend die nasionalisering van die koper- en mynbedryf.
- Die doel was om die ekonomie te ontwikkel of te diversifiseer, ekonomiese groei en werkskepping te bevorder tot voordeel van alle burgers.
- Inflasie is gestop en uitset het toegeneem.
- Mobuto het Zaïreanisasie aangekondig, ŉ beleid wat buitelanders met Zaïrese burgers, vervang het.
- Beleid misluk as gevolg van onervarenheid/korrupsie
- Klein ondernemings wat deur buitelanders besit is, is genasionaliseer. (Aan vriende en familie gegee)
- Mobuto het die meeste van die geld uit beleggings en lenings gebruik om homself te verryk.

- Mobuto Sese Seko kon nie daarin slaag om ʼn belangrike vervaardigings-bedryf te ontwikkel nie.
- Die Kongo het gesukkel om ekonomies te ontwikkel.
- Afname in die toestand van infrastruktuur
- Die ekonomie het in duie gestort en tot voedseltekorte gelei.
- Toepassing van retrosessie om die ekonomie te red. (Zaïre burgers is deur buitelanders vervang)
- Baie min buitelanders het teruggekeer en die ekonomie het nie verbeter nie.
- Zaïre was afhanklik van buitelandse agentskappe soos die Wêreldbank. (Mobuto se ekonomiese onafhanklikheid nie gerealiseer nie)
- Mobuto het president tot met sy dood in 2007 gebly.
- Enige ander relevante antwoord.

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met ʼn relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui tot watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was in die verkryging van selfstandigheid, selfverdediging en rasse trots vir Swart Amerikaners in die VSA gedurende die 1960's.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was in die verkryging van selfstandigheid, selfverdediging en rasse trots vir Swart Amerikaners in die VSA gedurende die 1960's Kandidate moet aandui hoe hulle van plan is om hul argument te ondersteun.

### UITBREIDING

- Swartmag was ŉ filosofie wat swartes aangemoedig het om dinge vir hulself te doen.
- Redes vir die opkoms van die Swartmag: woon in ghetto's en krotbuurte / swak behuising; swak fasiliteite (skole, gesondheid, ens.); gebrek aan werk en armoede; polisie brutaliteit.
- **Baie jong swartes het geglo dat die BRB nie die armoede en magteloosheid van swartes aangespreek het nie.**
- Hierdie Swartes het **ongeduldig** geraak met die stadige tempo van verandering en het die nie-gewelddadige taktiek van die BRB verwerp
- Hierdie swartes het die gebruik van geweld ondersteun en **nasionalistiese gevoelens** uitgespreek.
- Hierdie nasionalistiese gevoelens het saamgeval met **rasse-onluste** in die VSA oor **polisie wreedheid**
- Op 16 Junie 1966 het Stokely Carmichael die slagspreuk ***Swartmag*** in ŉ toespraak gebruik ná die skietery van James Meredith in die Optog teen Vrees.
- Swartmag is ŉ **ideologie** wat rasse trots**, selfbeskikking en die bereiking van ekonomiese en politieke vryheid/mag vir swartes** voorgestaan het.
- Dit het ook Swarts aangemoedig om **hulself te verdedig**
- Dit het verder gepleit dat Swartes **vryheid van wit gesag soek**
- Malcolm X word as die **intellektuele vader** van ***Swartmag*** beskou.
- Malcolm X het swart **selfversorgendheid** en gewapende **selfverdediging** teen wit onderdrukking bepleit
- Hy het sy volgelinge aangemoedig om hul regte **'op enige manier wat nodig is'** te verseker
- Hy was ten gunste van **swart separatisme in plaas van integrasie**, **rewolusie in plaas van hervorming**
- Na sy Mekka-reis het hy teruggekeer en by **die BRB** aangesluit **in die nie-gewelddadige stryd** teen segregasie en rassisme
- Hy **is egter** op 21 Februarie 1965 deur lede van die Nasie van Islam vermoor.

- Stokely Carmichael was **ontevrede** met die stadige tempo van verandering en die konsekwente **polisie wreedheid** teen swartes
- In 1966 het hy die slagspreuk ***Swartmag* in 'n toespraak gebruik ná die skietery van James Meredith in die Optog teen Vrees.**
- Hy het in **swart separatisme geglo in plaas van daardie rasse-integrasie**
- Hy was **krities oor die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog**
- Hy het 'n **plan bevorder om die VSA** in afsonderlike swart en wit state te verdeel.
- Hy **het wit idees oor styl en mode verwerp en** swartes aangemoedig om **afro's en Afrika-klere** te dra
- Hy is in 1966 in hegtenis geneem terwyl hy aan 'n protesoptog deelgeneem het.
- Sy paspoort is gekonfiskeer en hy het na Guinee in Wes-Afrika verhuis.
- In 1966 het Bobby Searle en Huey Newton op die Swartmag ideologie gereageer deur die Black Panther Party vir Selfverdediging te stig.
- Die BPP het 'n militante groep binne die Swartmagbeweging geword.
- Die BPP het 'n Tien punt-plan uitgereik om hul doelwitte te verwesenlik
- Hierdie dokument was ondersteun deur diegene wat onder blanke onderdrukkende beheer gely het.
- Die BPP het die binneste stede gepatrolleer om Swartes teen polisie wreedheid te beskerm
- Hulle het finansiële vergoeding geëis vir jarelange rasse-uitbuiting
- Die BPP het Swarts toegang tot gratis mediese klinieke en gratis ontbyt vir kinders verskaf
- Die BBP het ook kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bedryf
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole en universiteite onderrig word en ook swart mode verklarings ondersteun
- Tussen 1967 en 1968 het hulle gewelddadige botsings met die polisie gehad.
- Die BPP het baie gewilde en gevestigde takke in al die groot stede gehad.
- Die mees voor die hand liggende vorme van rassediskriminasie het tot 'n einde gekom.
- Rasse geweld het tot 'n groot mate afgeneem
- Miljoene swartes is uit armoede opgehef
- Swartes is tot openbare ampte verkies
- Regstellende aksie beleid is geïmplementeer vir regerings indiensneming
- Swartes het volle gelykheid met wittes verkry
- Groter rasse trots en selfvertroue is onder swartmense ingeboesem.
- Stemregwet van 1965 het geletterdheidstoetse uitgeskakel as 'n vereiste om te stem.
- Daar was 'n toename in federale besteding aan behoeftiges.
- Daar was 'n sosiale en ekonomiese mobiliteit van Afro-Amerikaners.
- Enige ander relevante antwoord.

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou